

## Sing vooraf: Psalm 42:2 (p. 214)

- 2 Trane stort ek in my klagte, / want die spotters vra vir my:  
"Waar 's jou God?" My dae^en nagte / gaan in droefenis verby.  
Nog hoor ek die feesgedruis / wat weerklink het om u **Huis**,  
Toe 'k 'n skaar daarheen gelei het, / my met hul in God verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 118:10 (p. 578)

- 0 Dit is die poort van Isr'els HERE, / wat voor sy huis as wagter staan;  
die poort wat meld van heil en ere, / waardeur sy gunsvolk in mag gaan.  
Daar sal ek, HEER, met dankgebede / U groot maak op die dag van fees,  
want U was in my angsverlede / vir my tot hulp en heil gewees.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 65:2 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;  
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.  
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;  
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.

Skriflesing: Psalm 127

Teks: Psalm 127:1

**As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.**

(Psalm 127:1 AFR1953)

Daar is twee pole in elke mens se lewe.

- Die een pool is die vervulling van jou lewe in God se genade.
  - Dit is wanneer Hy jou in sy genade beskerm en in die geloof en verder in jou totale lewe laat groei.
- Die ander pool word in hierdie lewe beskryf met die woord **tevergeefs**.
  - Dit beskryf die leegheid en angs van die hel, waar jy van God verlate is.
  - In die woord *tevergeefs* hoor mens die totale leegheid van 'n saak wat geen vrugte opgelewer het nie, en wat daarby in wanhoop eindig.

Kom ons kyk na die volgende elemente wat in die Psalm voorkom:

- 1. Ons kyk in alles na God vir sukses in ons lewe.**
- 2. As die mens werk sonder God, is sy werk tevergeefs.**

### 3. Waar pas ek nou in?

#### 1. Ons kyk in alles na God vir sukses in ons lewe.

In die eerste vers kom die woord **huis** voor – dis wat gebou word.

- Dit is nie onmoontlik dat Salomo met die een of ander bouwerk aan die gang was toe hierdie Psalm geskryf is nie.
- Daar is die moontlikheid dat die tempel beplan was om gebou te word en dat hierdie Psalm ook daarop kan sien.
- In daardie geval sou die betekenis kon wees dat Salomo die volk daarop wys dat die tempel se bouery net suksesvol kan wees as God self die Bouer is.

Maar koning Salomo het ongetwyfeld ook *sy volk se geloofsluwe* hier in gedagte, want die woord **huis** het 'n baie wye betekenis:

- Dit kan enige iets beteken – van *woonhuis* tot *tempel*.
- Die woord kan ook verwys na 'n huisgesin wat suksesvol en welvarend is.

Die uitspraak in die teks gaan egter baie wyer as net 'n huis of 'n gebou.

- Vanuit die hoek van die koningskap gesien, kan dit selfs beteken dat God met **huis** die hele Godsvolk in gedagte het.
- Daarom maak die Psalmdigter die uitspraak dat kinders aan die Here behoort en dat goed opgevoede kinders die trots van die huis is.

Kom ons kyk nou na die betekenis van hierdie hele saak. Die bedoeling van die uitspraak is dat dit alle mense en tye raak:

- Alle mense is onder alle omstandighede van God afhanklik.
- Daar is niks wat hulle kan aanpak en met sukses deurvoer as God se seën nie daarop rus nie.

Daar is in hierdie uitspraak tog ook iets van ons eie verantwoordelikheid wat na vore kom.

- Ons moet ons aan God onderwerp.
- Die bouwerk geskied inderdaad deur die Here, maar Hy gebruik ons daarin.
- Daarom eis hierdie saak twee belangrike dinge van ons:
  - Dit vereis dat ons kennis moet hê van wat God in hierdie “bouproses” van ons verlang.
  - Daarby vereis dit ook geloofsbekwaamheid om die bouwerk onder die leiding van die Heilige Gees uit te voer.

Alle sukses wat ons wil behaal in ons lewe, is afhanklik van die Here se hulp en bystand.

#### 2. As die mens werk sonder God, is sy werk tevergeefs.

Die tweede aspek wat in hierdie Psalm na vore kom, is skerp. Dit teken die vergeefsheid van alle pogings wat mense mag aanwend as hulle dit nie in die Naam van die Here doen nie.

- Sonder die seën van God kan ons geen blywende sukses behaal nie.
- Alles wat sonder God aangepak word, staan in die tevergeefsheid van die hel.

Dit is tevergeefs as bouers aan 'n huis bou, as die Here die huis nie bou nie.

- Die tevergeefsheid van die bouers se arbeid onderstreep die beperktheid van die mens, ongeag wat die mens se vernuf of vermoëns is – verstand, krag, wetenskaplike vermoëns, of wat ookal.

Jy kan die beste argitek wees, en die heel beste messelaar, maar as die Here jou werk nie seën nie, is alles tevergeefs.

- Net so kan jy die vermoë hê om die beste pa of ma te wees, maar as die Here jou nie dra in jou ouerskap nie, misluk jy.
- Dit gaan natuurlik ook oor dinge soos gesondheid, wysheid, liefde, en al sulke dinge.
- As God se hulp nie by al die dinge is nie, is alles afgestem op vernietiging.

Dieselfde beginsel word herhaal in die gedeelte oor die stad.

- Die wagter kan maar die basuin blaas en 'n groot alarm maak as hy sien dat die vyand die stad aanval. As God nie in die geveg die oorwinning aan die inwoners van die stad gee nie, gaan die vyand die stad oorwin en verwoes.

### ***Ons verantwoordelikheid lê hier in die besef van ons eie waarde.***

- Hoeveel keer gebeur dit nie dat ons in ons eie krag die lewe wil maak of breek nie?
- Hoe dikwels gebeur dit nie dat ons onself in ons eie verwaandheid oorskakel nie?
- Dan dink ons dat ons meer werd is as wat ons werklik werd is.

Dis waarom die Bybel hier leer dat dit tevergeefs is om vroeg op te staan en om laat op te bly – asof ons nou daardeur sal presteer.

- Dis net brood van smarte eet – die plesier wat jy nog uit die lewe kon haal, gaan nou ook nog verlore omdat jy jouself verslaaf aan werk en prestasie.
- Dit is nie dinge wat hierdie lewe gaan oorleef nie.
- Vir die koninkryk van God geld ander waardes, daarom gee die Here die dinge waarvoor sommige mense dag en nag werk verniet aan die wat Hy liefhet terwyl hulle slaap.

### **3. Waar pas ek nou in?**

Die posisie waarin die mens gestel word deur hierdie Psalm klink werklik baie benoud en vol angs.

- Die feit is dat ek nie kan bou nie, want my werk is tevergeefs.
- Ek kan die Here ook nie dwing om sy seën oor my werk uit te spreek nie. Wat nou?

Die antwoord lê in die eerste woorde van die Psalm. Dis 'n bedevaartslied.

- Dis dus 'n lied wat gesing is wanneer die volk opgetrek het na Jerusalem toe om te gaan Paasfees vier – die verlossingsfees.
- Hierdie verlossingsfees is inderdaad 'n bewys dat God sy volk bou en beskerm – Hy het sy volk uit slawerny verlos, en hulle onder sy seënende hand na Kanaän toe gelei.

Hierdie Paasgebeure was 'n voorspel van 'n baie groter verlossingsdaad wat God sou uitvoer. Dis is natuurlik die verlossing deur Jesus Christus.

- Dit het inderdaad ook oor 'n Paasnaweek gebeur – toe hierdie Psalm gesing is!
- Toe het Jesus die pasga in die nagmaal laat oorgaan.

Daardie naweek is die Here Jesus Christus gekruisig – Hy het Homself in die dood oorgegee.

- Hy het toe self die dood oorwin.
- Daarmee het God geopenbaar dat Hy nie net die huis bou nie, maar dat Hy ook die onbekwaamheid van die bouers oorkom deur die versoening wat deur sy Seun bewerk is deur die kruis.

Hierdie kruisdood en opstanding van Jesus Christus raak al twee die sake wat in hierdie Psalm gestel word.

- Eerste stel dit die grootheid van God se genade oor my – dit is so groot dat al my sondes my vergewe word.
- Tweedens raak dit ook my eie gebrek aan krag.

Ons leef en verval dikwels in die tevergeefsheid van die sonde omdat hierdie sondes ons voor die toorn van God laat beland.

- Dit is die beste wat ons kan presteer.
- Maar tog gaan ons nie verlore nie – ons word vergewe en vrygestel van al ons sondeskuld.

U moet nou besef dat dit ook inhou dat die Here hiermee openbaar dat Hy in sy genade **die huis bou** – soos dit in ons teksvers staan.

Ons hoef dus nie te vra: Hoe weet ek dat die Here vir my sal bou nie?

- Die feit dat God openbaar dat die Here Jesus inderdaad ook vir ons gesterf en opgestaan het, is die bewys daarvan dat God ons ook seën met alles wat ons in die lewe onderneem.
- Dit openbaar eintlik dat die seën van die Here veel verder gaan as net hierdie lewe, dit gaan tot in ewigheid.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 127:3, 4 (p. 624)

- |   |  |   |   |
|---|--|---|---|
| 3 | Seuns is 'n erfdeel van die HEER;<br>die gawe van die moederskoot<br>is 'n beloning eind'loos groot.<br>Soos pyle wat die vyand keer,<br>so is die seuns 'n bron van vreug,<br>die seuns gebore uit krag van jeug. | 4 | Gelukkig wie dit so mag gaan,<br>wat soos 'n held sy hand kan vul<br>met sulke pyle; dit is hul<br>wat nie verleë hoef te staan,<br>wanneer die vyand in die poort<br>vermetel spreek sy hoë woord. |
|---|--|---|---|

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: Nabetrugting – 26 Augustus 2007